

HOOFSTUK VII.

BAVINCK SE ALGEMENE PEDAGOGIESE BEGINSELS.

1. Inleiding.

Ons het bemerk dat Bavinck, by die geskiedenis van die Christelike opvoedkunde, gereken word onder een van die moderne pedagoë. Verder het ons hom by die bepaling van die algemene pedagogiese beginsels onder die Christelike pedagoë geklassifiseer. Tans is dit nodig om 'n nadere omskrywing van die algemene beginsels van sy pedagogiek te verstrekk.

Om Bavinck se algemene pedagogiese beginsels egter te begryp, is dit nodig om daarop te wys hoe hy pedagoog. geword het, wat sy metode van probleemstelling is, wat sy teologie en wysbegeerte behels en verder hoe sy algemene pedagogiese beginsels in sy hele lewens- en wêreldbeskouing ingesluit is.

2. Hoe Bavinck Pedagoog Word.

Die wetenskaplike arbeid van Bavinck vertoon 'n eenaardige verloop. Hy doktoreer in die godgeleerdheid op 'n proefskrif oor die etiek,<sup>1)</sup> bestudeer dogmatiese en etiese vraagstukke; en terwyl hy hoogleraar in Kampen is, verskyn sy hoofwerk in vier dele oor die dogmatiek;<sup>2)</sup> hierna verskyn 'n werk oor die psigologie;<sup>3)</sup> hy skryf verskillende werke oor die wysbegeerte en oor die pedagogiek. Teologies egter bereik hy sy hoogtepunt.<sup>4)</sup>

Wie hom dan ook as pedagoog wil begryp, moet begin

- 
1. Bavinck: De Ethiek van Zwingli.
  2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV Dele.
  3. Bavinck: Beginselen der Psychologie.
  4. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. Herman Bavinck, 6.

om ondersoek in te stel na die pedagogiese gegewens in sy standaardwerk „Gereformeerde Dogmatiek”, omdat sy latere werke oor die psigologie en pedagogiek beginsels wat reeds in die dogmatiek neergelê is, uitwerk en verbreed.

Oënskynlik gaan Bavinck se dogmatiek oor na sy filosofie, en langs die lyn van sy psigologie na sy pedagogiek. As ons sy werke egter noukeurig lees, vind ons nie net 'n blote oorgang van dogmatiek op wysbegeerte en vandaar op psigologiese en pedagogiese vraagstukke nie, maar ons vind 'n innerlike samehang.<sup>2)</sup> Die hoogstaande wetenskaplike wat 'n meester op die gebied van die psigologie en pedagogiek was<sup>3)</sup> het pedagogie<sup>4)</sup> geword deur eie innerlike ontwikkeling.

Die innerlike ontwikkeling bestaan daarin dat Bavinck se wetenskaplike werke, ja sy hele persoonlikheid, steeds duideliker voor 'n dag kom en gedurig meer verwante gebiede soek, en alles gaan om sy belangstelling in die mens. Nie soseer om die mens na sy materiële lewe nie maar die mens na sy ideële sy:<sup>5)</sup> sy worsteling om die hoogste goedere, sy soek na die regte weg. Eerste staan vir hom die mens in sy geheel as 'n volkome organisme, saamgevat onder een hoof, Christus. Daarmee bedoel hy Christus as Profet, Priester en Koning.<sup>6)</sup>

Hierin wortel sy historiese sin: elke onderwerp behandel hy deur te begin by die oudste tye en te eindig by sy tydgenote, wat hy so deeglik weergee, dat 'n mens soms moeilik vind om te onderskei waar hulle ophou en waar Bavinck

- 
1. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 163.
  2. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 5.
  3. Paedagogisch Tijdschrift, XIV, 97.
  4. Brederveld: op. cit., 6.
  5. Bavinck: Magnalia Dei, 200.
  6. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 471 - 580.

sy opvatting begin. Maar vir elke stukke lewe en worsteling wat vir die mens van belang is, het hy 'n egte historiese belangstelling.

Hieruit sou ons kan aflei dat Bavinck as historikus sou optree en nie as dogmatikus, filosoof, etikus, psigoloog en pedagoog soos wat hy gedoen het nie. Dit is te verklare: in die middelpunt van sy belangstelling staan die mens in sy stryd om die geestelike goedere.<sup>1)</sup> Omdat hyself mens is, soek hy in die strominge die objektiewe en die norm: hy wil in die ryk van die ideë 'n burger wees, wat vasstaan bo die menslike willekeur uit, en standhou tussen die wisseling van verskillende menings. In betreklike sin neig hy dan ook meer na die humanisme as na die realisme.<sup>2)</sup><sup>3)</sup>

Hieruit kan Bavinck se belangstelling in die pedagogiek, ook in die psigologie as een van die vernaamste hulpwetenskappe daarvoor verklaar word. Hy was egter nie 'n toeskouer nie maar 'n stryder, wat duidelik kant gekies het in die strominge op die gebied van die pedagogiek. Hieruit word ook verklaar die oorfloed van die polemieke wat in sy opvoedkundige werke voorkom: hy wou die beginsels volgens sy oortuiging op die voorgrond bring.

Bavinck skryf in 'n tydperk waarin 'n „einheitliche“ wêreld- en lewensbeskouing ontbreek;<sup>4)</sup> daarom wil hy rigting aangee en nie juis praktiese opvoeding voorskryf nie.

Hiervoor is nodig 'n diep blik in die kinderhart<sup>5)</sup>

- 
1. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 488.
  2. Van Andel: Godsdienst en Wetenskap, Bewerkt naar Geschriften van Dr. H. Bavinck, 138.
  3. Bavinck: De Christelijke Wereldbeschouwing.
  4. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 54.
  5. Bavinck: a. Gereformeerde Dogmatiek, III, 75.  
b. „Kinderstudie“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1913, 242.

wat sondig is, maar tog is die kinders in die verbond gebore en sal hulle eenmaal as sodanig geoordeel word.<sup>1)</sup> Die kind is kragtens sy oorsprong 'n religieuse wese, daarom moet die kinderhart geleer word om verbondmatig met God om te gaan: deur Christus moet hy God as Vriend beskou en self in gehoorsaamheid aan die wette van die hoogste vriendskap lewe, uit krag van die genade wat by die Heilige Doop verseël is.<sup>2)</sup>

Om die objek van die opvoeding, die kind, op te voed, is daar kennis van sy ontwikkeling nodig. Hierdie kennis word deur die psigologie verskaf. Aangesien Bavinck sy eie opvatting oor die psigologie het, wil ons graag in hierdie hoofstuk nagaan wat sy algemene pedagogiese beginsels behels, voordat ons die verband tussen sy psigologie en pedagogiek aantoon.

Sy pedagogiek groei uit sy dogmatiek<sup>3)</sup> en wysbegeerte. Daarby gaan sy pedagogiese geskifte altyd oor beginsels.

Die aanleiding tot sy pedagogiese geskifte lê opgesluit in sy „**rectorale oratie**“<sup>4)</sup> wat hom die insig gegee het dat die mens in die moderne lewe oral met dieselfde denke en strewe te doen het. En orals is daar 'n diepe ontevredeheid met die bestaande, en 'n strewe om op 'n nuut gevonde grondslag 'n nuwe orde van sake te vestig.<sup>5)</sup> Daar is 'n soeke na 'n nuwe religie en moraal, 'n nuwe kuns en kultuur, 'n nuwe staat en maatskappy en so ook 'n soek en tas na 'n nuwe skool en 'n nuwe pedagogiek.

- 
1. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, III, 243.
  2. Los: Moderne Paedagogen en Richtingen, 165.
  3. V.d. Walt: Die Wysbegeerte en Wetenskapsleer van H. Bavinck, 295.
  4. Bavinck: Christelike Wereldbeskouing.
  5. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 5.

Die moderne rigtings vat hy kortliks soos volg saam: Eerstens is daar negatief en formeel 'n groot ooreenkoms tussen hulle, want almal dring op hervorming op verskillende gebiede aan. Tweedens is daar 'n stryd tussen die rigtings sodra beginsels ter sprake kom oor: die verhouding van Christendom en kultuur, huisgesin en skool, individu en maatskappy, liggaam en siel, wil en verstand. Derdens is by 'n sekuralistiese beskouing van die opvoedingstaak hierdie verskille onversoenbaar, omdat die opvoedingsdoel van die skepsel nooit in die skepsel self kan lê nie maar wel alleen in God, die Skepper.<sup>1)</sup>

Bavinck se pedagogiek groei dus uit sy lewens- en wêreldbeskouing.<sup>2)</sup>

### 3. Bavinck se Metode van Probleembehandeling.

As ons op Bavinck se probleembehandeling van pedagogiese vraagstellinge let, dan bou hy steeds op historiese gegewens. Die historiese opvoedkunde bly vir hom altyd die noodsaaklike voorganger van die hede.

Die historiese veld of lievers die historiese erf is vir hom 'n geestelike proeftuin waar die verskillende godsdienstige en wysgerige beginsels uitgegrawe en getoets word. Daarom volg hy die kultuurstrome langs die kronkellope tot die oorsprong. Sy pedagogiek is dan ook nie „ab ova“<sup>3)</sup> dit is heeltemal oorspronklik nie: hy bou op historiese gegewens.

Daarby is hy 'n gebore polemis met 'n besondere voorliefde vir probleembehandeling.<sup>4)</sup> Sodoende keur hy sy versamelde stof altyd aan sy Skrifkriterium. By sy bespreking

---

1. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 219.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 5.

3. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 7.

4. Hepp: Dr. Herman Bavinck, 34.

bly hy altyd 'n edel stryder en 'n prinsipiële debatteerder wat graag toegee waar die ander kant volgens sy mening reg is.

Nadat Bavinck 'n saak histories betrag en polemies behandel het, volg altyd sy objektiewe uiteensetting en resultaat, ooreenkomstig sy beginsels.

Bavinck wil 'n pedagogiek daarstel waarby die norme uit die Woordopenbaring en die kosmiese gegewens tot 'n gewyde eenheid saamgebind word. Daarom word hy ook genoem 'n model van gewyde sintese.<sup>1)</sup>

#### 4. Bavinck se Dogmatiek en Wysbegeerte.

##### (a) Inleiding.

Om tot insig van sy pedagogiek te kom, is dit nodig om kortliks te wys op sy dogmatiek en wysbegeerte, deels om sy terminologie beter te verstaan maar hoofsaaklik omdat hy altyd meer teoloog-filosoof as pedagoog was.

##### (b) Bavinck as Teoloog.

Ons leer Bavinck as teoloog hoofsaaklik uit sy standaardwerk in vier dele ken.<sup>2)</sup> Dit is die vrug van diepgaande studie gedurende sy Kamperperiode.

Dogmatiek is vir Bavinck die wetenskaplike sisteem van kennis, wat God aangaande Homself en aangaande alle skepsels, soos hulle in verhouding tot Hom staan en in sy Woord aan die kerk geopenbaar het.<sup>3)</sup> Daarmee bedoel hy nie dat die Heilige Skrif net vir die kerk as instituut bedoel is nie, maar ook vir die individue.<sup>4)</sup>

---

1. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 6 - 7.

2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, IV Dele.

3. Hepp: Dr. Herman Bavinck, 130 e.v.

4. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 23.

Die Woord van God bly vir hom van fundamentele betekenis vir die mens se opvoeding omdat die mens na Gods beeld geskape is. Daarom hou Bavinck dwarsdeur sy pedagogiese geskrifte vol dat die wat die Kruis verag, die lamp voor sy voet en die lig op sy pad wegneem.

Die dogmatiek, wat 'n gelowige besinning op die Heilige Skrif is, lig ons toe oor feite wat vir die pedagogiek belangrik en beslissend is, soos: die oorsprong, wese en bestemming van die mens, die sonde en genade en oor Christus, vol van genade en heerlikheid, wat enig onder die mense was.<sup>1)</sup>

(c) Bavinck se Wysbegeerte.

Bavinck was altyd meer filosoof as pedagoog.<sup>2)</sup> Daarom ook dat 'n mens orals in sy pedagogiese geskrifte gedeeltes aantref wat net so goed in 'n wysgerige boek sou pas.

Behalwe in sy „Dogmatiek“ vind ons sy wysbegeerte in sy „Christelike Wereldbeskouing“ en in sy „Wijsbegeerte der Openbaring.“ Verder is sy wysgerige beskouings in al sy geskrifte verspreid.

(i) Openbaring.

Die openbaringsidee bly vir Bavinck die hoeksteen van Christelike wêreld- en lewensbeskouing, insluitende die pedagogiek: Bavinck bly altyd die wysgeer van die openbaring.

Dit is vir ons nodig om die vernaamste punte van

- 
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 83 - 90.
  2. a. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 7.  
b. Van der Zweep: De Paedagogiek van Bavinck, 26.

die openbaringsbegeerte na te gaan wat betrekking het op sy pedagogiese beginsels en die beginsels deurtrek.

Openbaring is vir hom die middel waardeur God ge-  
ken word.<sup>1)</sup> Hierin onderskei hy die kosmos: dit is die wêreld, die natuur. In die mooi natuur aanskou die mens die mooi dinge wat God geskape het. Maar by die kosmos kom ook die Bybel, die Woord van God, wat volmaakte glans versprei en die mens tot saligheid lei. Die openbaring egter het in die persoon van Christus sy middelpunt, maar sy omtrek brei uit tot aan die einde van die skepping.<sup>2)</sup>

Beide die kenbronne, naamlik die kosmos en Gods Woord, is van God en is dus goed beskou één.<sup>3)</sup>

Openbaring is dan vir Bavinck die geheim van skepping en herskepping. Die hele wêreld rus self in openbaring: openbaring is die veronderstelling, die grondslag, die geheim van die hele skepping en sy formasie. Die grondslae van die skepping en herskepping is dieselfde.<sup>4)</sup> Die Logos wat vlees geword het, is dieselfde as Die deur wie alle dinge gemaak is.<sup>5)</sup>

Die openbaring het vir Bavinck betekenis vir alle lewensfunksies en vir alle gebiede van die lewe, daarom soek hy ook na alle kante en op alle gebiede van die lewe die openbaring soos deur God in die skepping vasgelê. Hy behandel dan ook: die openbaring en natuur, openbaring en geskiedenis, openbaring en religie, openbaring en Christendom, openbaring en religieuse ervaring, openbaring en kultuur, openbaring en toekoms.<sup>6)</sup>

- 
1. Sien V.d. Walt: Die Wysbegeerte en Wetenskapleer van H. Bavinck, 367.
  2. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 22 - 23.
  3. Sien a. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 51;  
b. Die Nederlandse Geloofsbelijdenis, Artikel II.
  4. Johannes 1:3.
  5. Bavinck: Wijsbegeerte der Openbaring, 23.
  6. Ibid., 70 - 272.

Vir die fundamentering en uitbouing van Bavinck se Christelike pedagogiek is die openbaring van besondere belang. Die grondwet van alle opvoeding is vir hom dit wat aansluit by die skeppings- en herskeppingsgegewens.<sup>1)</sup>

(ii) Die Christelike Wêreldbeskouing.

Ook by Bavinck se Christelike wêreldbeskouing lê die idee van openbaring as grondslag. Hy hou hom besig met die drie probleme wat in alle eeue in die mens se gees na vore kom, naamlik die verhouding van dink en is, van is en word, van word en handel. Anders gestel: wat is ek? wat is die wêreld? wat is my plek en taak in die wêreld?

Die laaste gedeelte van die negentiende eeu se hoofkenmerk is dat dit 'n innerlike tweespalt het en 'n „einheitliche" wêreld- en lewensbeskouing mis.<sup>2)</sup>

Ook hier bepaal ons ons kortliks by Bavinck se vraagstukke wat vir sy pedagogiek van belang is.

Die openbaringsidee en die werklikheid pas vir Bavinck bymekaar soos 'n sleutel by 'n slot.

Eerstens wil Bavinck dan naspoor: die oorsprong, die wese en die grens van die menslike kennis.

Wat die oorsprong betref, het die rasionalisme en die empirisisme 'n antwoord probeer vind.<sup>3)</sup> Die rasionalisme soek die oorsprong in die rede van die mens, terwyl die empirisisme die oorsprong van die menslike kennis in die omringende stoflike wêreld soek.

- 
1. Sien a. Jaarsma: The Educational Philosophy of H. Bavinck, 41 - 47;  
b. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 7-9.
  2. Bavinck: a. Verzamelde Opstellen, 51;  
b. Christelike Wereldbeschouwing, 7 - 14.
  3. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 224.

1)  
Bavinck wys beide af en beweer dat alle kennis op 'n eienaardige wedersydse betrekking tussen die subjek (die mens) en die objek (die kosmos of orige geskapedes) berus. Die mens kan leer ken uit die openbaringsfeit dat dit één en dieselfde Logos is <sup>2)</sup> wat die menslike verstand, die denke en die kosmos in organiese verband geskape het. Die subjek en objek is op mekaar aangewese: God skep die lig maar ook die oog om dit op te vang. Kennis berus op die ooreenstemming van beide subjek en objek, dink en is. Die mens skep nie die wêreld nie en sy verstand skryf nie aan die natuur wette voor nie; ook rig hy by die wetenskaplike ondersoek nie die dinge na sy denkvorme („catagorieën” <sup>3)</sup>) in nie. Die omgekeerde is waar: die mens het sy waarneming en denke by die openbaring van God in die natuur en in die genade <sup>4)</sup> aangepas.

Ons ken God uit Sy werke deurdat en nadat Hy Hom aan ons wil openbaar: op hierdie allereerste grond berus die moontlikheid en sekerheid van kennis. <sup>5)</sup>

In noue verband met die vraag na die oorsprong van kennis is die vraag oor die wese en begrensing van die menslike kennis. <sup>6)</sup> Hieroor het die idealisme en die realisme die stryd aangeknoop. Laasgenoemde gaan uit van die kennisleer wat die bestaan van 'n objektiewe wêreld buite ons aanvaar, wat deur die menslike subjek geken word. Die idealisme verklaar weer die geldigheid van ons kennis uit die menslike subjek.

---

1. Bavinck: Christelike Wereldbeskouing, 12 - 13.

2.a. Joh. 1:3;

b. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, I, 290.

3. Bavinck: Christelike Wereldbeskouing, 29.

4. Ibid.

5. Sien Bavinck: Christelike Wetenskap, 35.

6. Sien V.d. Walt: Die Wysbegeerte en Wetenskapsleer van H. Bavinck, 363 - 367.

Vir Bavinck gaan dit in die laaste instansie om die waarheid. Kennis van die waarheid is alleen moontlik as ons van die feit uitgaan dat subjek en objek, wat ken en is aan mekaar beantwoord. Die grondslag en hoeksteen van alle kennis en wetenskap is die voorligting deur die wysheid van die Goddelike Woord wat vir ons die belydenis op die lippe lê van God die Vader, die Almagtige, Skepper van hemel en aarde.<sup>1)</sup>

Die begrip van iets het in die Goddelike bewussyn bestaan voordat dit vir die mens begryplik is.<sup>2)</sup>

Die derde probleem, naamlik realiteit van die norme (dit is maatstok, rigsnoer), wys terug op 'n wêreldorde wat alleen sy oorsprong en bestaan kan hê in God Almagtig. Die belydenis van die waarheid, dit wat ooreenkomstig die godsaligheid is, is ons kostelikste besitting. Die algemene Christelike waarheid vind in verskillende belydenisse van die geloof 'n min of meer suiwere uitdrukking. Net so min as één enkele kerk, hoe suiwer dit ook is, met die algemene kerk saamval, mag een belydenis, hoe dit ook al na Gods Woord gesuiwer is, homself met die Christelike waarheid vereenselwig. Elke seksie wat meen dat hy die enigste besitter van die waarheid is, kwyn weg en sterf soos 'n tak wat van 'n boom afgesny is.<sup>3)</sup>

Dit is vir Bavinck egter nie 'n kwessie van insig nie, maar van gesindheid: dit is so en dit moet so wees. Maar dit is weer die Christelike religie alleen wat antinomieë versoen: in die skeppingsplan is die heilsplan opgesluit en

---

1. Bavinck: Christelike Wereldbeskouing, 21.

2. Ibid., 28.

3. a) Sien V.d. Walt: Die Wysbegeerte en Wetenskapsleer van H. Bavinck, 1 - 72;

b) Bavinck: Christelike Wereldbeskouing, 69 - 106;

c) Bavinck: De Zekerheid des Geloofs, 20.

in Christus het God die wêreld weer met homself versoen.  
Die herstellende en saligmakende openbaring het deur Christus  
in die wêreld gekom.<sup>1)</sup>

## 5. Bavinck se Algemene Pedagogiese Beginsels.

### (a) Inleiding.

„Paedagogiek is een wijsgeerig vak, en hangt ten  
nauwste met theologie of filosofie saam”.<sup>2)</sup> Dit bly Bavinck  
se standpunt ten opsigte van die opvoedkunde. Volgens hom  
word daar verskillende pogings aangewend om die band los te  
maak om sodoende aan die pedagogiek algehele selfstandigheid  
te gee. Die pogings kan egter nie slaag nie omdat die peda-  
gogiek altyd 'n antwoord veronderstel op die vrae na die oor-  
sprong, wese en bestemming van die mens. Hierdie antwoorde  
kan alleen deur godsdiens of wysbegeerte aan die hand gedoen  
word.<sup>3)</sup>

Vir Bavinck gaan dit in die laaste instansie by die  
opvoeding om geloof en ongeloof: daar bestaan 'n genetiese  
verband tussen die pedagogiek aan die een kant en die lewens-  
en wêreldbeskouing aan die ander kant. Tweedens is dit al-  
leen die Christelike pedagogiek, wat die normatiewe karakter  
van die Heilige Skrif erken en aansluiting soek by die skep-  
pings- en herskeppingsorde van God, wat 'n antwoord op kardi-  
nale opvoedingsvrae kan gee.

Ons let nou op Bavinck se opvatting van die mens,  
die waarde wat hy aan die opvoedkunde heg en die tweërlei op-  
voedkunde wat hy beskryf.

### (b) Mens, Engel en Dier.<sup>4)</sup>

Geen skepsel word so hulpeloos en hulpbehoewend as

---

1. Van Klinken: Bavinck's Paedagogische Beginselen, 15.

2. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 215.

3. Ibid.

4. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II 421 e.v., 518, III  
128 e.v.

die mens gebore nie. In teenstelling met diere wat hulle oor die algemeen net na die geboorte self kan red, bly die kind 'n lang tyd afhanklik. Sonder hulp sou die kind gou van honger of ontbering sterf.

Dit is God se wil dat die mens so afhanklik moet wees sodat hy ootmoedigheid en afhanklikheid kan kweek en besef dat hy nie aan homself behoort nie maar aan 'n gemeenskap van mense. In die hulpbehoewende toestand sorg die ouers vir hulle kinders, versag hulle sedes, veredel hulle neigings, snoer hulle vaster in liefde saam en werk op allerlei sedelike wyse op hulle in. Die hulpelose verplig die ouers tot liefde, hulpvaardigheid, toewyding en selfverloëning. Omdat die kind 'n mens is, het hy 'n lang en tere versorging  
1)  
nodig.

Die mens is met sy geboorte nie wat hy kan word nie en nog in 'n minder mate wat hy behoort te word. Engele is  
2)  
volwasse geskape; almal tesame: by hulle is geen ontwikkelingsproses nie. Aan die ander kant staan die dier, wat wel aan die wet van ontwikkeling onderwerp word, deurdadig gebore word, groei en sterf. Maar die dier het geen doel of bestemming nie. Deur die natuur word hy wat hy moet wees: die dier is geen sedelike wese nie.

Daar is by diere geen sprake van opvoeding nie, omdat by hulle geen liefde is soos dit by die mens bestaan nie: hoogstens kan daar by die dier sprake van dresseer en afrigting wees.

Die mens staan tussen die engel en die dier: met

---

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 8.

2. Bavinck: a. Gereformeerde Dogmatiek, II, 415 e.v.;  
b. Het Christelijk Huisgezin, 2.

die engel kom hy daarin ooreen dat beide 'n geestelike, redelik-sedelike aard het. Die mens is gebonde aan 'n sedewet, daarom staan hy nie onverskillig teenoor sy bestemming nie. Die kind bring sy eie aanleg, vatbaarheid en geskiktheid mee; daarom het hy opvoeding nodig om te kom waar hy moet wees.<sup>1)</sup> Die mens is vatbaar vir opvoeding; hy het daar behoefte aan en dit is vir hom noodsaaklik.<sup>2)</sup>

(c) Opvoeding van die Mens in Ruimere- en Engere Sin.

Die mens het 'n siel en 'n liggaam en bestaan dus fisies en psigies; daarom is sy versorging ook van tweërlei aard.

Die mens moet dus na liggaam gevoed en na siel opgevoed word: die voeding is vir die fisiese van die mens, nodig, die opvoeding weer vir die psigiese. Die voeding en opvoeding loop egter nie geskei langs mekaar nie, want net soos voeding en opvoeding is siel en liggaam afhanklik van mekaar. „De Ziel is op de innigste wijze in het lichaam ingeschapen, en het lichaam leeft in en door de ziel.”<sup>3)</sup> Daarom is voeding en opvoeding beide nodig vir die menslike lewe se instandhouding en bevordering.<sup>4)</sup> Sonder voeding sterf die liggaam en sonder opvoeding die gees. Die mens wat nie opgevoed word nie, is 'n vloek vir homself, 'n skande vir sy familie, 'n las vir die maatskappy en 'n oneer vir God.<sup>5)</sup>

In die engere sin is die gemeenskap die opvoeder van die mens: die voorgaande geslag is gedurig besig om die jonger geslag na liggaam en siel te versorg. Omdat die mens alleen deur 'n ander mens opgevoed kan word, moet hy ook

- 
1. Bavinck: Hedendaagsche Moraal, 13.
  2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 9.
  3. Ibid., 10.
  4. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 27 - 28.
  5. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 11.

opgroei in 'n gemeenskap van mense. Daarom is die omgewingsfaktore wat op die kind inwerk van groot waarde. Bavinck wys op die invloed wat natuur en omgewing, gesin en maatskappy, woorde en daede, kerk en staat, beroep en stand op die ontwikkeling van die kind het.

Dit is opvoeding in die engere sin en dit vorm die grondslag, maar dit sou in brokkies uiteenval as daar agter nie gestaan het die God van hemel en aarde, die eintlike Opvoeder wat met verskillende onsigbare faktore op die bewuste en onbewuste lewe van die mens inwerk nie.<sup>1)</sup>

In die woord „opvoed“ lê opgesluit: deur voeding na bo gelei, opgelei word. Dit gee te kenne dat die ouers wat aan die kinders die lewe geskenk het, 'n gerigte werksaamheid openbaar tot welsyn van die kinders.<sup>2)</sup> Eers neem hierdie werksaamheid 'n fisiese karakter aan, maar langamerhand neem dit 'n meer sedelike en geestelike karakter aan. Dan eers word dit opvoeding in die eintlike sin: die werksaamheid wat ten doel het die vorming van die mens as mens.<sup>3)</sup> Dit voer die mens uit sy onmondige staat en sy ruheid tot mondigheid, sedelike vryheid en geestelike selfstandigheid.

Met hierdie sedelik-geestelike karakter gaan die opvoeding temeer oor na 'n bewuste, opsetlike, planmatige werksaamheid. Dit word dan die leiding en vorming wat deur die volwassene aan die onvolwassene, die kind, ten koste gelê word. So word opvoeding 'n kuns, 'n persoonlike, bewuste en opsetlike sedelike werksaamheid.<sup>4)</sup>

Hierdie planmatige karakter van die opvoeding het

- 
1. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, III, 198 e.v.
  2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 12.
  3. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 490.
  4. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 13.

daartoe gelei dat die huislike opvoeding al meer en meer deur die skool vervang is. Die werk van die ouer word op die onderwyser oorgeplaas. Daar is egter 'n verskil tussen huislike opvoeding en opvoeding in die skool. Die ouers wat meer instinkmatig te werk gaan, het die voordeel bo alle ander opvoeders dat hulle aan die kinders die lewe geskenk het, dat hulle deur liefde aan die kinders gebonde is en dat hulle die kinders rondom hulle as gesin het. Daar is by die huislike opvoeding ook wel 'n bewuste, persoonlike, sedelike werksaamheid; daar is ook nadenking oor die regte opvoeding van die kind. Die ouerhart gee menigmaal aan wat die kind die meeste nodig het: so weeg die diepe geneetheid soms op teen die gebrekkige kennis by die opvoeding. As niemand soms meer raad weet nie, vind die moeder baiekeer nog 'n weg na die kind se hart.

Die huislike opvoeding bly vir Bavinck die eerste en belangrikste opvoeding.<sup>1)</sup> Die ervaring het hom geleer dat ouers wat nooit stelselmatig oor opvoeding nagedink het nie en van die pedagogiek nooit 'n studie gemaak het nie, tog aan hulle kinders prakties 'n baie goeie opvoeding gee. Omgekeerd het geleerde opvoedkundiges van beroep getoon dat hulle onhandig met kinders is en onvrugbare werk lewer.<sup>2)</sup>

Dit egter neem nie weg dat die opvoeding 'n persoonlike, sedelike werksaamheid is wat met bewustheid en ooreleg ter hand geneem moet word nie. Dit is 'n eis wat aan die ouer gestel word, maar nog meer aan die onderwyser wat die plek van die ouer moet inneem. Omdat die ouer onbevoeg is om die kind te onderwys is hierdie taak aan die onderwyser opgedra. Die onderwyser het egter nie met 'n gesin nie, maar

---

1. Bavinck: Het Christelijk Huisgezin, 131.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 13.

met 'n groot klas te doen, daarom is sy taak van onderrig moeilik.

Daar bly tussen die onderwys en opvoeding die onmiskenbare onderskeid dat onderwys 'n belangrike onderdeel van die opvoeding is: hulle staan nie vyandig teenoor mekaar nie, maar alle onderwys is 'n middel wat ondergeskik is aan die opvoeding. Daarom moet die onderwys ook altyd 'n opvoedkundige karakter dra: dit moet die vorming van die hele mens in gedagte hou. Waar die onderwys dus as deel van die opvoeding die kenvermoë vorm deur materiële kennis by te bring,<sup>1)</sup> moet die onderwyser meer planmatig as die ouer te werk gaan.<sup>2)</sup>

Opvoeding bly vir Bavinck primêr.

(d) Die Wetenskap van die Opvoeding.

Bavinck wys daarop dat daar reeds van die vroegste tye af nagedink is oor die opvoeding en sodoende het daar 'n wetenskap van die opvoeding ontstaan, naamlik die pedagogiek. Hierdie wetenskap egter kan die lewe nie vervang nie; dit kan gemis aan takt nie vergoed nie en nog minder aan die hand doen hoe om dinge uit die kind te haal wat nie in hom sit nie.

Nogtans is die pedagogiek van die allergrootste belang. Dit benadruk ten eerste die natuurlike oorleg waarmee elke opvoeder te werk gaan en dit verryk die grondsteling<sup>3)</sup> en ervaring wat die opvoeder reeds in sy arbeid lei. Die wetenskap van die opvoeding gee in die tweede plek ook 'n duidelike insig in die taak en doel van die opvoeding; dit leer die middele en weë waarlangs die doel bereik word. Daarom bewaar dit die opvoeder van dwalinge, teleurstellinge,

- 
1. Bavinck: Beginselen der Psychologie, 87.
  2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 66.
  3. Bavinck: Christelijke Wetenschap, 43.

roetine en sleur. Maar in die derde instansie leer dit die opvoeder ook met meer bewustheid in die heerlikste werksaamheid lewe wat God aan die mensheid toevertrou het, naamlik die vorming van Sy mense.<sup>1)</sup>

(e) Die Karakter van die Pedagogiek.

As Bavinck op die karakter van die pedagogiek let, kom die belangrikheid daarvan nog meer na vore. Dit gaan om die leiding van die mens: om die doel wat vir die mens gestel word.

Opvoeding kan dan ook volgens Bavinck nie tot die neutrale gebied behoort nie: dit hang ten nouste met die mens se hele lewens- en wêreldbeskouing saam. Die pedagogiek word dan ook afgelei en ontvang sy grondslae in die religie, die etiek, die filosofie en die psigologie. Hoewel dit vir Bavinck onmoontlik is om 'n pedagogiek saam te stel wat nie met die verskillende lewens- en wêreldbeskouinge rekening hou nie, is dit vir hom ook ondenkbaar om 'n pedagogiek saam te stel wat net op een standpunt berus. Daarom is vir die pedagogiek behalwe die ervaring ook nodig die biologie, fisiologie en psigologie, om die kinders te verstaan. Die mens is egter ook 'n sosiale wese wat in 'n maatskappy geplaas is. Om die mens daartoe te help, bewys die geskiedenis en die sosiologie aan die opvoeding onskatbare dienste.<sup>2)</sup>

Bavinck beskou die pedagogiek dan as 'n eienaardige wetenskap. Dit bring nie sy eie stof mee nie maar ontleen dit aan ander wetenskappe. Allereers ontleen die pedagogiek sy inhoud aan die teologie en filosofie sover dit die uitgangspunt betref. Daarna ontleen dit die inhoud aan die

---

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 16.

2. Sien Bavinck: Christelike Wetenskap, 91.

fisiologie en die psigologie omdat die voorwerp van die opvoeding, naamlik die mens, 'n stoflik-geestelike wese is. En eindelijk ontleen dit sy inhoud aan die sosiologie, omdat die mens behalwe dat hy 'n individu is ook as lid van die gemeenskap gevorm moet word.<sup>1)</sup>

Die wese en eie taak van die pedagogiek bestaan dus daarin dat dit uit verskillende wetenskappe stof versamel en vir 'n bepaalde doel organiseer. Dit word gedoen vir „'n bepaalde doel" omdat die pedagogiek 'n praktiese of normatiewe wetenskap is, dit wil sê dat 'n antwoord gesoek word op die vraag: wat moet gebeur, hoe moet daar opgevoed word, waarin bestaan die werk van die opvoeding?

Vir sover die pedagogiek vir ons die doel, voorwaarde en die vorme van opvoeding laat ken, wil Bavinck dit 'n wetenskap noem.<sup>2)</sup> As dit egter wil aanwys hoe hierdie teorie van die opvoeding uitgevoer en toegepas moet word, neem dit die karakter van kuns aan.<sup>3)</sup>

As dit dan die karakter van die pedagogiek is, spreek dit vir Bavinck vanself dat die religie daarvoor van groot betekenis is. Alleen as die dinge in die lig van Gods Woord gesien word, kan 'n mens hulle sien soos hulle waarlik is. Daarom leer die Christelike pedagogiek wat die mens volgens Gods Woord is, watter bestemming hy het en hoe hy daarheen gelei word.<sup>4)</sup>

(f) 'n Algemene Opmerking.

Met bostaande het Bavinck 'n algemene en voorlopige oriëntering in die veld van die opvoeding gegee. Later kom

- 
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 19.
  2. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 56.
  3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 20.
  4. Ibid., 21.

hy tot meer besonderhede. Dit is vir ons egter nodig om sy algemene beginsels van die pedagogiek krities te betrag.

Bavinck beweer dat die pedagogiek die wetenskap van die opvoeding is. Hy behandel hierdie afdeling beknop en on-<sup>1)</sup>volledig.

Dit is vir ons nodig om daarop te let dat daar in die loop van tye menigvuldige meninge uitgespreek is oor die doelstellinge, raadgewinge, metodes en uitgangspunt van die opvoedkunde. In die reël word dit pedagogiek genoem, maar dit is nog geen wetenskap nie. Herbart met sy „Paedagogik als Wissenschaft“, is miskien die eerste om die pedagogiek in wetenskaplike bane te lei.

Die pedagogiek van Comenius, Rousseau, Pestalozzi en Ellen Key is geen wetenskap nie. Hulle werke is egter waardevolle materiaal, wat gebruik kan word langs die weg van sistematiese ondersoek. Hieruit lei ons af dat daar 'n tweërlei pedagogiek bestaan: 'n pedagogiek as mening en 'n pedagogiek as wetenskap. Ons besef dat 'n wetenskap deurtrek is van meninge, maar ons soek na 'n juiste metode by 'n wetenskap.

Bavinck neem as vanselfsprekend aan dat die pedagogiek 'n wetenskap is, maar as dit oorgaan tot die praktiese toepassing, word dit 'n kuns. Hiermee bedoel hy 'n leidraad vir die kuns van opvoeding. Omdat soos hyself beweer die pedagogiek geen eie stof meebring nie, maar dit aan ander vakke ontleen, wil dit soms voorkom asof sy pedagogiek 'n sameraap-<sup>2)</sup>sel van wetenswaardighede is in plaas van 'n wetenskap.

---

1.a. Brederveld: Hoofdlijnen der Paedagogiek van Dr. H. Bavinck, 17.

b. Rombouts: Dr. H. Bavinck, 15.

2. Brederveld: op. cit., 19.

Hierdie opvatting is egter verkeerd, want soos die teologie die openbaring van God en die wysbegeerte die wêreldbeskouing wetenskaplik moet behandel, so het die pedagogiek ook velerlei faktore van die opvoedingswerkzaamheid wat hy sistematies moet naspeur.

In Bavinck se gehele opvoeding, soos dit ook hoort, kom die karakter van sy opvoeding uit. Dit hang ten nouste met sy lewens- en wêreldbeskouing saam en kan nie neutraal wees nie. Elke opvoeder stel vir homself ideale by die opvoeding. Ook Bavinck het sy eie ideale.

Wat ons wel by hom mis, is 'n oorsig van die metode wat die pedagogiek moet volg en die gang wat die behandeling van stof moet neem. Hierop wys ons in afdeling C.

Bavinck se indeling van sy pedagogiek kom hierop neer dat hy agtereenvolgens die doel, die uitgangspunt en die metode van die opvoeding behandel. Aangesien ons egter in afdeling C, waar die verband tussen sy psigologie en die pedagogiek behandel word in besonderhede gaan, gee ons hier net 'n algemene oorsig van sy doelstelling, uitgangspunt en metode.

6. Bavinck se Doelstelling, Uitgangspunt en Metode by die Opvoeding.

(a) Doelstelling van die Opvoeding.

Na 'n historiese oorsig<sup>1)</sup> en 'n polemiese behandeling<sup>2)</sup> van die doelstelling in die opvoeding kom Bavinck tot 'n eie standpunt.<sup>3)</sup>

Die Christendom stem in alle opsigte volkome ooreen met die gegewens wat die menslike natuur by onpartydige

- 
1. Bavinck: a. Paedagogische Beginselen, 22 - 42 ;  
b. Opvoeding der Rijpere Jeugd, 12 e.v.
  2. Bavinck: a. Paedagogische Beginselen, 43 - 46 ;  
b. Opvoeding der Rijpere Jeugd, 73 - 77.
  3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 47 - 51.

ondersoek aanbied. Die teenstelling van individu en gemeenskap, humanisme of realisme word in die Christelike doelstelling van die opvoeding volkome versoen. Die ideaal is: die vorming van mense tot mense van God wat vir elke goeie werk volkome toegerus is. ( 2 Tim. 3:17 ). Dit is 'n formule van Bavinck wat telkens in sy werke voorkom.<sup>1)</sup> Hierdie doelstelling gee waaragtige Godsvrug, organies verbonde met deeglike kennis en egte beskawing.

In die geskiedenis word dit aangetoon dat die ideaal in die praktyk moeilik uitgeleef word: die ewewig tussen „natuur“ en „genade“ tussen „individu“ en „gemeenskap“ is telkens verbreek.

So kom die humanisme en realisme in opstand teen die asketisme. Die piëtisme herstel die ewewig. Die Rooms-Katolieke kon die skema van natuur-genade nie versoen nie, terwyl die Lutheranisme die godsdienstige lewe en die wêreldlike lewe isoleer.

Die suiwerste harmonie van die Christelike opvoedings-ideaal is volgens Bavinck deur die Gereformeerde belydenis gegryp vanweë sy teologiese uitgangspunt, waarin alles, ook die eenvoudigste en mees alledaagse werk, gekroon is met die adel van God. Daarom word dit tereg die verheerliking van die werklikheid genoem.<sup>2)</sup>

#### (b) Uitgangspunt van die Opvoeding.

Om die mens egter tot hierdie doel op te voed, veronderstel kennis van die mens. Sonder die psigologie<sup>3)</sup> is

- 
1. Bavinck: a. Paedagogische Beginselen, 28, 51;  
b. Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 80 e.v.
  2. Bavinck: a. Gereformeerde Dogmatiek, IV, 102 - 103;  
b. Paedagogische Beginselen, 50 - 51.
  3. Bavinck: „De Psychologie van het Kind“, in Paedagogisch Tijdschrift, 1909, 105.

dit onmoontlik vir die pedagogiek om die nodige kennis van die mens op te doen. Elke mens het 'n sielelewe wat in sy veelheid en ingewikkeldheid van verskynsels die sigbare natuur om hom ver oortref. Dit is daarom nodig om 'n deeglike studie van die mens te maak voordat daar in sy wêreld van raaisels 'n weg tot opvoeding gevind kan word.<sup>1)</sup>

Na 'n historiese oorsig van die psigologiese gegewens en 'n polemiese behandeling van die verskillende opvattinge kom Bavinck tot sy eie standpunt oor die op te voede kind.<sup>2)</sup><sup>3)</sup>

Die moderne opvoeding slinger heen en weer tussen optimisme en pessimisme omdat dit as uitgangspunt nie die Christelike standpunt het nie.

Die Skrif leer ons dat God die mens na Sy beeld geskape het, die man sowel as die vrou (Gen. 1:27).<sup>4)</sup> Die mens is nie alleen beelddraer van God nie, maar hy is uit die geslag van God.<sup>5)</sup> Dit geld vir die enkeling sowel as vir die hele mensheid en van elke organisasie van die mensheid. Waar die beeld van God by die Rooms-Katoliek 'n toevoegsel is, is dit by die Lutherse opvatting 'n religieus-etiese eienskap. By beide is daar vir Bavinck dus nie 'n egte, wesenlike, algehele deurdringing van die mens en God se beeld nie. By die Gereformeerde religie is die twee één: die mens is beeld van God, omdat en in soverre Hy mens is; en die beeld van God is mens, omdat en insoverre dit Gods beeld is.<sup>6)</sup>

---

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 52 - 53.

2. a. Ibid., 54-63;  
b. Bavinck: De Nieuwe Opvoeding, 36 e.v.

3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 64 - 89.

4. Bavinck: Magnalia Dei, 181.

5. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 516 e.v.

6. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 47, 84.

Maar daar is die skriklike realiteit en die etiese karakter van die sonde. Omdat die beeld van God nie meganies met die mens verbind is nie, maar organies in sy natuur opgeneem is, moet die sonde ook die goeie mens, sentraal en totaal, skuldig en onrein maak.<sup>1)</sup> Die sonde is dan ook nie hipotese wat etiese verskynsels verklaar nie, maar 'n ontsettende realiteit in ons eie lewe en moet daarom deur ons eie lippe bely word.<sup>2)</sup> So moet die pedagogiek dit verstaan.

Maar vir die gevalle beelddraer van God is daar ook genade in Christus wat vol genade en waarheid is. Volgens Gereformeerde opvatting is daar tweërlei genade: 'n algemene en 'n besondere genade. Eersgenoemde betuël die kwaad maar roei dit nie uit nie; bind dit in, maar verander dit nie.<sup>3)</sup> Die besondere genade word alleen ontvang in die gemeenskap met Christus en in die weg van die verbond: nie alleen die volwassene nie maar ook die kind het daaraan deel. Daarvan is die kinderdoop die seël en pand.<sup>4)</sup>

As Bavinck op sy doelstelling let, kan die uitgangspunt daaraan beantwoord, omdat God self in Christus mense tot Sy beeld en gelykenis herskep.<sup>5)</sup>

#### (c) Metode van die Opvoeding.

Nadat Bavinck die doel en uitgangspunt van die opvoeding behandel het, gaan hy oor tot die metode: dit is die weg wat beide aanmekaar verbind. Die weg verbind vir hom altyd twee punte; daarom kan dit twee rigtings bewandel en is daar ook twee metodes. Die eerste is die metode wat deur die leerstof, die opvoedingsinhoud bepaal word: dit is die

- 
1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 86.
  2. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 140.
  3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 88.
  4. Ibid., 89.
  5. Sien Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek, II, 393.

objektiewe metode.<sup>1)</sup> Die tweede metode is die wat deur die kind, die op te voede subjek aangegee word: dit is die subjektiewe metode.

By die leerstof en metode gee Bavinck, uitgaande van die organiese opvatting, die volgende leerstofprogram: Eerstens is daar in die sentrum die godsdiensonderwys; tweedens groepeer hy daaromheen eers die taalkundige vakke; derdens kom verder daaromheen die handarbeid en liggaamlike oefening. Ook hierdie opvoeding is vir hom na die Christelike beginsel opvoeding na siel én liggaam. Nie alleen die hoof en die hart nie maar ook die hand word geoefen. Bavinck se metodes is drieërlei, naamlik: die deïktiese, die akroamatiese en die eromatiese metodes.<sup>2)</sup>

Wanneer Bavinck die kind en die metode behandel, is vir hom van belang eerstens die allesoorheersende vraagstuk van gesag, dan die aanskouingsprinsipe en derdens die tug.

By gesag onderskei hy die sedelike en juridiese gesag. Eersgenoemde is inherent aan elkeen wat meer verstand het as andere, terwyl laasgenoemde gesag van regsweë is. So is daar gesag in die huis oor kinders en in die skool oor leerlinge.<sup>3)</sup>

Ten nouste met gesag saam hang die vraagstuk van die woord of aanskouing. Deurdat die moderne pedagoë die gesag misken, glo die kind ook nie meer die woord van die ouer of onderwyser nie, maar moet hy eers dinge aanskou voordat hy dit aanvaar.<sup>4)</sup> Bavinck gee aan die woord as metode voorkeur bo die aanskouing.<sup>5)</sup>

---

1. Bavinck: De Opvoeding der Rijpere Jeugd, 138.

2. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 112 - 113.

3. Ibid., 123 - 124.

4. Ibid., 127 - 143.

5. Bavinck: Verzamelde Opstellen, 212.

|| As derde gedagte onder die kind en die metode be-  
handel Bavinck die tug: die Heilige Skrif is nie teen liggaam-  
like straf gekant nie, maar dit lê die roede in die hand van  
die ouer en die onderwyser.<sup>1)</sup> Hy onderskei tussen skooltug  
en kerklike tug aan die een kant, en strafreg deur die ower-  
heid aan die ander. Die redelike orde en regsorde wat res-  
pektiewelik deur die kerk en staat gehandhaaf word, is in die  
huis en die skool nie geskei nie.<sup>2)</sup> Vir Bavinck is die tug  
op elke terrein van die lewe nodig, omdat die mens in sonde  
ontvang en gebore is en daarom ten onder sou gaan as hy aan  
homself oorgelaat word.<sup>3)</sup>

Van belang by die metode van onderwys bestaan daar verder  
die konsentrasie. Reeds vir jare word daar op konsentrasie  
van die leerplan en die leergang aangedring. Sommige het 'n  
sentraliserende rigting gevolg waardeur een vak of een boek  
die middelpunt moes vorm. Ander het weer 'n groepeerende rig-  
ting gevolg deur verskillende vakke op grond van hulle ver-  
wantskap in groepe saam te voeg.

Die Herbart-Zillerse konsentrasie plaas Bybelse ka-  
raktervormende stof in die middel en daaraan word die rekapi-  
tulasieteorie verbind: dus 'n etiese konsentrasie.<sup>4)</sup> Bavinck  
wys daarop dat laasgenoemde rigting op die ewolusieteorie ge-  
bou is en dus 'n valse vergelyking ten grondslag het. Daar  
is egter goeie gedagtes aan verbonde, wat nie verwaarloos kan  
word nie: daar is 'n organiese eenheid van leerstof; dit  
bring ooreenstemming tussen huis, kerk en skool; die onderwys  
is op die hele kind gerig en dit hou rekening met die kind  
se ontwikkelingstadia.

- 
1. Bavinck: Bijbelsche en Religieuze Psychologie, 148 - 151.
  2. Bavinck: Magnalia Dei, 540.
  3. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 154 - 156.
  4. Ibid., 163.

Wat laasgenoemde betref, onderskei hy drie periodes: Die eerste is die tydperk waarin die kind se sintuiglike waarneming sterk op die voorgrond tree. By die tweede periode is spontaneiteit van belang: as die verbeelding en geheue eers ontwikkel is, ontwikkel ook die verstand. Die derde tydperk is die van aktiwiteit en produktiwiteit: dus die periode waar die persoonlikheid vir homself 'n baan deurbreek, die wil versterk, die drang ontwaak om teoretiese kennis te toets en in die praktyk te verwerk. By die drie periodes pas dan ook aan die deiktiese, akroamatiese en eroamatiese metodes respektiewelik,<sup>1)</sup>

Ons bemerk dat Bavinck geen metode in besonder uitgewerk het nie, maar dat hy algemene beginsels neergelê het.

Voordat ons egter in besonderhede nagaan hoe Bavinck sy doelstelling, uitgangspunt en metode van onderwys uiteengesit en in verband met sy psigologie gebring het, behandel ons eers sy opvoeding in die huisgesin. Die huisgesin is en bly vir Bavinck die eerste en natuurlike opvoedingsinstelling, terwyl die skool die werk van die huisgesin aanvul.

## 7. Samevatting.

(i) By Bavinck is daar 'n innerlike samehang tussen sy dogmatiek, wysbegeerte, psigologie en pedagogiek. Die mens bly vir hom die middelpunt van belangstelling. Om die mens te vorm, is die pedagogiek van die uiterste belang. Maar die pedagogiek moet in 'n „einheitliche" lewens- en wêreldbeskouing pas.

(ii) Sy pedagogiese geskrifte gaan altyd oor beginsels terwyl besonderhede agterweê gelaat word.

---

1. Bavinck: Paedagogische Beginselen, 112 - 113.

(iii) By probleembehandeling gaan Bavinck die saak eers histories na, toets dit dan polemies en daarna gee hy 'n objektiewe uiteensetting en resultaat ooreenkomstig sy eie beginsels.

(iv) Bavinck se dogmatiek en wysbegeerte is onmisbaar vir sy pedagogiek. Dit gaan hoofsaaklik om kennis wat God aangaande Homself en aangaande alle skepsels, (soos hulle staan in hul verhouding tot God) aan ons openbaar in die Heilige Skrif.

(v) Die pedagogiek wat hy as wetenskap beskou, bly vir hom 'n wysgerige vak. Hieruit leer hy dat die engel en dier nie opvoedbaar is nie maar die mens wel.

(vi) Die siel is op die innigste wyse in die liggaam ingeskape, daarom sluit die opvoeding beide in.

(vii) Onderwys is en bly 'n belangrike onderdeel van die opvoeding.

(viii) Omdat die opvoeding gaan om die leiding van die mens na 'n sekere doel, kan die opvoeding volgens Bavinck nooit neutraal wees nie: dit hang ten nouste met die mens se lewens- en wêreldbeskouing saam.

(ix) Bavinck se doelstelling in die opvoeding stel hy voorop: hy wil mense van God vorm vir elke goeie werk volkome toegerus.

(x) Sy uitgangspunt is die mens wat opgevoed moet word: die psigologie help ons om die op te voede kind te leer ken.

(xi) Die metode van onderwys noem hy die weg wat die doel en uitgangspunt met mekaar verbind. Daar is vir hom hoofsaaklik twee metodes: die objektiewe en die subjektiewe.